15 November | NG Gemeente Kogelberg | 2024

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 17 NOVEMBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| *Hangklipkerk* | *Kuierkerk* | *Kleinmondkerk* |
| Ds. Theuns Henn | Ds. Heinrich Carstens | Ds. Jannie Hougaard |

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA



Hangklipkerk
Pillansiaweg
Bettysbaai
17 November 2024
09:00
Prediker - Theuns Henn
Daniël 12: 1-3
Openbaring 20:11-15
Ons strek ons uit na wat voor is
Na ons naam in die Boek




Vyande as vreemde vriende
Die storie van die Barmhartige Samaritaan
Lukas 10:25-37
Sondag 17 November 2024
09:00 - Kuierkerk - Heinrich Carstens




17 Nov 2024
Vyande as vreemde vriende
Die Barmhartige Samaritaan
Lukas 10:25-37
09:30 - Kleinmondkerk
Jannie Hougaard

Kleinmondkerk se diens word op Kieskerk geplaas. Die skakel na Kieskerk:

https://kieskerk.com/ng-gemeente-kleinmond/

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is dit vir die Instituut vir Dowes. Op 24 November is dit vir **Gasvryheidsbediening.**

## Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Dinsdag 19 November** | **10:00** | KB 1-6 Wyksbyeenkoms (Kuierruimte) |
| | **16:30** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| | **17:00** | Finansies (Kuierruimte) |
| | **17:00** | Eko-groep Afsluiting (Kerksaal) |
| **Donderdag 21 November** | **09:00** | Caritasprojek |

*Neem asseblief kennis dat ds. Kirsten Small steeds met siekeverlof is tot 24 November 2024.*

## Innige simpatie

*Ons dink aan Salomie Gall (Sb1) met die afsterwe van Keith en ook aan Mima Claassen (BA1) met afsterwe van haar seun, Donnie.*

## Voorbidding...

*Ds. Kirsten Small (HK2), André Gresse (HK3), dr. Ryk van Velden (Sa4), Piet Louw (Sa2), Mike Moller (HK2), Wessel Coetzee (Sa4), Christa Steenkamp (Sc2), George Edwards (Sc4) en Maria Human (Sa3). Ons vertrou saam met Christa Fick (PM3) vir 'n geskikte skenker van 'n nier.*

**WEN!!! WEN!!! WEN!!!**

**3 Karoo-lammers &**
**R1 000 Linne-geskenkbewys**

**LOOTJIE**
**R50**



Beskikbaar by jou Dienswerker
(Hangklip-streek/ Kleinmond)
of by die Kerkkantoor.

Comfi Linen
Good days start at

***Sluitingsdatum is Vrydag 29 November***

# Bring-en-braai

## JAARAFSLUITING

**Ba 1 - 3**

**DONDERDAG**
28 NOVEMBER 2024

**16:00**

**17 DERTIENDE LAAN**
KLEINMOND

Elkeen bring sy eie eetgoed, bykosse, iets te drinke , borde en "spanners". Kom geniet die middag saam met ons.

Bevestig met Koos de Wet - 072 148 0823



# *Caritas*

# KERSBOKS-BEDIENING

Ons wil graag hierdie jaar 'n paar lekker bederf-produkte in ons Kersbokse pak om gesinne gedurende die feestyd te seën.

Ons benodig nie-bederfbare produkte soos blikkies ingelegde vrugte, vla, koekies, of enige iets wat jy voel kan bydra tot die Kersboks. Plaas asseblief jou bydrae in die houers by enige van ons drie bedieningspunte teen Woensdag 4 Desember 2024.

Baie dankie by voorbaat vir jou ondersteuning!
Vir enige navrae kontak Belinda - 082 856 6772



2DE
# KERSDAG
## 26 Desember

***Ekstra bord kos op 26 Desember***

**Kom ons deel die vreugde van Kersfees met diegene wat nie dieselfde oorvloed as ons het nie. Ervaar die vreugde van gee deur eers die ekstra bord in te skep en dan wat oor is, self te geniet!**

- **Koop houers vir 'n bord kos en 'n bakkie nagereg teen R10 (vanaf 1 Desember beskikbaar by die Kerkkantoor/ Hangklipkerk).**
- **Skep op Kersdag die bord kos en nagereg in en kom lewer dit af op 26 Desember.**
- **Kleinmond - tussen 11:30 en 12:00.by die Gemeenskapsentrum in Proteadorp.**
- **Hangklip-streek - tussen 09:00 en 11:00 by die Lakeside Chapel afgee.**

# KERKKANTOOR*ure*

*Tydens Desember 2024 & Januarie 2025*

| | |
|---|---|
| **17 - 31 Desember 2024** | |
| Maandae - Donderdae | **10:00 - 11:00** |
| Vrydae | **GESLUIT** |
| **1 - 10 Januarie 2025** | **GESLUIT** |
| **13 Januarie 2025** | **HEROPEN** |

## Laat julle lig só skyn... Getuienisaksie

# ‘n Inligting en gebedsversoeke van Free To Serve wat deur ons gemeente ondersteun word

Die sendingorganisasie, Free To Serve (FTS), is 30 jaar gelede deur Johann en Elna Snyman van Stellenbosch gestig. Hul ses bedieningspunte is:
Vaaldraaigemeenskap, Elsenburg, Stellenbosch; Indië; Thailand; Myanmar/Burma; kommunistiese Laos en - China. FTS se hoofdoel is om die Evangelie van Verlossing van Jesus Christus te versprei deur die opleiding van inheemse pastore, kerkplanting, stigting van kinder- en jeugklubs.



Die afgelope 3 dekades kon FTS die vlg. mylpale bereik deur die betrokkenheid van getroue voorbidders en vrygewige finansiële bydraes:

- Die bediening van ± 80 jong kinders uit arm huise in Elsenburg, Stellenbosch;
- Die maandelikse versorging van 81 weeskinders in Indochina;
- Die ondersteuning van meer as 200 nuut geplante FTS kerke in Asië;
- Die bystand van meer as 80 inheemse FTS pastore in Asië;
- ± R 80 000 - R 90 000 pm deurstuur na Asië om in die behoefte van FTS se bedieningsuitgawes te voorsien.

Na ‘n opname is bevind dat daar met 43 taalgroepe gewerk word in hierdie ses lande: ( RSA=1(Afr); Indië=14; Thailand=8; Myanmar=11; Laos=6; China=3). Wanneer opleiding in Engels geskied is twee tolke teenwoordig, om ook ander inheemse tale onder hierdie bevolkingsgroepe in te sluit.

FTS het twee getroue en hardwerkende hoofleier-pastore in Indië en in Thailand. Deurlopende opleiding van pastore en gelowiges word deur hulle gedoen. In Indië is dit Goutam en in Myanmar, Laos en Thailand roteer David tussen hierdie drie lande.



In Mae Sai, Noord-Oos Thailand is ‘n FTS hoofkantoor gebou waarin David se kerk gehuisves word. Hy beoog om ‘n koffiewinkel hier oop te maak, wat hy op eie inisiatief doen en waar-voor FTS glad nie geldelik bydra nie.

Die vlg. doelwitte hiervoor word gestel:

- Dissipelskap opleiding
- Evangelisasie
- Generering van inkomste om hul kerk te ondersteun en om selfonderhoudend te raak. Die winste hieruit verkry wil hy aanwend vir die Indochina bediening.
- Om ‘n model kerk te word en ander susterkerke te ondersteun.

GEBEDSVERSOEKE:

- Mae Sai kantoor in Thailand benodig ‘n rekenaar (R14 000).
- Bid vir fondse vir die Asiese Kersuitreike. Honderde mense kom elke jaar só tot bekering en nuwe huiskerke word gevestig onder die onbereiktes van God se wêreld.
- FTS RSA wil graag vir 80 behoeftige kinders van Vaaldraai, Elsenburg elk ‘n pakkie skryfbehoeftes gee vir Kersfees. Ons kort dringend enige klein/groot bydraes asseblief.

Navrae: Nellie Snyman (082 855 2408)

# GEMEENSKAPSnuus

## Hoeksteenlegging van Anglikaanse Kerk op Bettysbaai

Die Anglikaanse geloofsgemeenskap in die Hangklip-gebied het op Woensdag 6 November 2024 ‘n belangrike mylpaal gevier toe die hoeksteen van die kapel van St. Franciscus van die Fynbos deur die Biskop van Valsbaai, Stafford R. Moses, ingeseën is.

Dié nuwe gebou in Ferrariaweg, Bettysbaai is nie net ‘n merkwaardige toevoeging tot die dorp se argitektuurskat nie, maar gaan as gemeenskapsentrum van Maandag tot Sondag in die dorp se sosiale, opvoedkundige en uitreikbehoeftes voorsien.

Die kapel van St. Francis van die Fynbols is deel van die St. Philip-gemeente in Gordonsbaai. Ongeveer 80 mense het die geleentheid bygewoon het, wat ook vriende van die gemeente in Bettysbaai en elders ingesluit het.

Die biskop het beklemtoon dat almal welkom by dié plek van aanbidding sal wees. Die klok sal mense roep om te kom aanbid en herinner aan God se teenwoordigheid in die dorp.
Tydens die bediening van verversings, gereël deur Maureen Smith, kon mense die kapel bekyk en weer met ou vriende kontak maak. Die oggendviering is gevolg deur 'n bring-en-braai-geleentheid wat deur ds Tim Attwell gereël is, wat die begin van nog baie sosiale byeenkomste gaan wees.

Ds Attwell het insigte in die begin en toekoms van die projek gedeel. Die 40 jaar oue droom van 'n eie kerk het in Januarie 2019 dringend geword toe die gebou wat hulle met die Rooms-Katolieke Kerk gedeel het, in ‘n verwoestende veldbrand vernietig is. Na baie beraadslaging het die gemeente in Oktober 2020 besluit om hul kerk te bou, maar dat dit 'n breër doel as net Sondagdienste moet hê.

Die eiendom vir die nuwe kerk is al in 1998 verkry, en finansiering het ‘n hupstoot gekry met die verkoop van ander eiendomme in Pringlebaai en Disasirkel.





Die kerk se ontwerp, met 'n ekumeniese reikwydte, is geskep deur die plaaslike bekroonde argitek Geoff George. Martin van Rooyen van Architectural Design Studio in Bettysbaai het dié ontwerpe omskep in werktekeninge vir munisipale indiening. Tertius Engelbrecht was die bou-aanemer, met kapelbewaarder Tom Jacobs, bygestaan deur Ernest de Jager, wat toesig gehou het oor die projek.
Die kerk sal sitplek vir 60 hê, wat uitgebrei kan word na 'n onderdakstoep vir spesiale geleenthede. Die gebou bied uitsigte oor die omliggende fynbos en Hangklip-berg, wat sy naamgenoot, St. Franciscus van die Fynbos, versterk.



Die huidige struktuur sluit 'n kombuis en ablusiegeriewe in, met planne vir 'n komiteekamer en stoorkamer sodra bykomende befondsing verkry is. Die sentrale vierkant sal dien as 'n gemeenskaplike area vir geleenthede soos braai en pannekoekoggende, en die perseel bied oorgenoeg parkeerplek.



Drie strategieë is in plek om te verseker dat die kerk deur die week aktief bly, onder andere 'n kerkprogram gebaseer op die i-cube-benadering om indie intellektuele, emosionele en sosiale behoeftes van die gemeente te voorsien; ondersteuning vir evangeliese en maatskaplike uitreikinisiatiewe; en vennootskappe met ander gemeenskapsorganisasies.



Die bouprojek het ‘n herlewing van die gemeente meegebring en die afname in bywoning wat tydens en na die pandemie gesien is, omgekeer. Die Anglikaanse Kerk het 'n jarelange teenwoordigheid op Bettysbaai, met dienste wat al in 1948 gehou is.
Die nuwe kerk, gebou tot eer van God, simboliseer veerkragtigheid en toewyding en die hoop om 'n baken van ondersteuning vir die hele gemeenskap te wees.



# HANDEL'S MESSIAH

**presented by the**
**CAPE TOWN BAROQUE ORCHESTRA**

**in association with**
**LUTESONG CONSORT**

**directed by**
**ERIK DIPPENAAR**

**in collaboration with**
**OVERSTRAND ARTS/KUNSTE (OAK)**

CTB

LuteSong

OAK
overstrand arts • kunste
OVERSTRANDARTS.CO.ZA

**30 NOV**

**Saturday 15:30 - 17:00**
**Dutch Reformed Church**
**Church Street, Hermanus**

Tickets R220

***Seats are limited***

## RESERVE YOUR TICKETS NOW!

Quicket
EXPERIENCE AWESOME

**www.quicket.co.za/events/286689-handels-messiah-hermanus**

## 16 November

*Monica de Wit 072 286 8919 (PM5)*

*Johanna Dreyer 083 564 6200 (Sa2)*

*Johann Erasmus 072 255 2733 (KB1)*

*Shawn Hill (KB5)*

*Willie Hill 081 552 2182 (KB5)*

*Lisel Krige 082 572 2711 (BB3)*

*MJ van Rooyen 084 701 6239 (Sb2)*

# Veels Geluk!

## 17 November

*Alec Conradie 083 236 5646 (Sa4)*

*Wolfgang Heuer 083 448 1287 (Sa4)*

*Ruben le Grange (PM5)*

*Katelyn Mather (PB2b)*

*Stefan Olivier 076 152 2071 (BB1B)*

*Theresa Schutte 083 717 8196 (HK3)*

## 18 November

*Marlené Botha 084 207 2013 (Sc1)*

*Riana Dicks 084 621 4313 (HK1)*

*Amanda du Plessis 083 302 5607 (HK3)*

*Marieta Kemp 082 894 1129 (Sb2)*

*Rouxme Kruger 084 516 7874 (PM1)*

*Magda Leibbrandt 082 864 6429 (PM5)*

*Riana Olivier 076 152 2071 (BB1B)*

*Adleen Swart 082 263 8346 (KB5)*

*Joke Venter 072 711 2261 (Ba1)*

# Verjaarsdae

## 19 November

*Herman du Preez 082 857 2219 (Sb4)*
*Raynic Gerber 082 818 0939 (HK3)*
*Des Jacobs 083 779 1025 (BB2)*
*Nico van Aarde 072 225 0295 (KB2)*
*Jeremy van der Vyver 082 552 1077 (Ba2)*
*Hettie Visser 084 351 2399 (Sc1)*
*Riëtte Zaaiman 083 561 1487 (Sb1)*

## 20 November

*Leon Beichter 083 352 8682 (PM5)*
*Marnus Beyers (Sb4)*
*Anita Botha 082 466 5681 (Bb 1)*
*Christha Fick 072 123 4727 (PM3)*
*Gerrie Gerber 082 462 6894 (HK2)*
*Suelene Huisamen 072 595 3867 (HK2)*
*Rita Louw 082 925 0275 (BB1B)*
*Johan Swiegelaar 083 656 0497 (BB2)*

## 21 November

*Anton Bredenkamp 083 734 0076 (Sa3)*
*Johan de Clerk 084 582 1992 (Sb3)*
*Louise Jacobs 082 613 6170 (BB6)*
*Lize Odendaal 081 549 6184 (Sa3)*
*Ant Snyman 082 491 0449 (KB2)*



# Vyande as vreemde vriende

## Gespreksblad vir groepe en families

**Mens tot mens**

1. Sou julle reken dat *Tom & Jerry* (die cartoon-karakters) regtig vyande is? Hoekom sê jy so?
2. Wanneer - sou julle sê - beskou mense iemand regtig as 'n vyand?
3. Stem jy saam met die volgende stelling: Soms is "vyande" eintlik net vreemdelinge.
4. Dink aan iemand met wie jy die afgelope tyd koppe gestamp het (natuurlik sonder om name te noem). Verduidelik gou aan die groep kortliks die situasie en hoekom jy dink julle gebots het.

**Mens tot God**

1. Sing saam liedere wat getuig van julle liefde vir God.
2. Bid dat God julle sal help om hierdie liefde ook na ander mense toe uit te leef.

**God tot mens**

1. Kyk saam na die video 2024.11.17 - Vyande as vreemde vriende op ons gemeente se YouTube-kanaal by [https://youtu.be/EV4RTkW96-8](https://youtu.be/EV4RTkW96-8)

2. Lees nou Lukas 10:25-37 (2020-vertaling)
*25 En kyk, 'n sekere wetskenner het opgestaan om Jesus te toets en Hom gevra: "Meester, wat
moet ek doen om die ewige lewe te erf?" 26 Jesus sê toe vir hom: "Wat staan in die Wet geskryf?
Wat lees jy daar?" 27 Hy het geantwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met
jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself." 28 "Jy het reg
geantwoord," het Jesus vir hom gesê. "Doen dit, en jy sal leef!" 29 Maar hy wou homself regverdig,
en het toe vir Jesus gevra: "En wie is my naaste?"*
*30 Hierop het Jesus geantwoord: "'n Man het van Jerusalem afgegaan na Jerigo, en is deur rowers
oorval. Hulle het sy klere uitgetrek, hom geslaan en toe weggegaan, en hom half dood
agtergelaat. 31 'n Priester het onvoorsiens met daardie pad langs afgegaan en toe hy hom sien, het
hy aan die ander kant verbygegaan. 32 En net so het ook 'n Leviet by die plek aangekom, en toe hy
hom sien, het ook hy aan die ander kant verbygegaan. 33 Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het
op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. 34 Hy het na hom gegaan, sy
wonde verbind en olyfolie en wyn daaroor gegiet. Toe help hy hom op sy eie rydier, neem hom na
'n herberg en versorg hom daar. 35 Die volgende oggend haal hy twee denarius uit, gee dit vir die
herbergier en sê, 'Versorg hom, en wat jy ook al bestee, sal ek jou betaal wanneer ek terugkom.' 36
Wie van hierdie drie, dink jy, was 'n naaste vir die man wat deur die rowers oorval is?" 37 En hy het
geantwoord: "Die een wat ontferming aan hom betoon het." Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy
ook so."*

3. Het 'n vreemdeling jou al ooit uit 'n penarie gehelp? Wat het gebeur?

4. Waarom - dink julle - het die priester en die Leviet geweier om die gewonde man te help?

5. Hoekom - dink julle - het die Samaritaan die beseerde man gehelp?

6. Hoekom - dink julle - kies Jesus juis 'n Samaritaan (wat deur die Jode verag is) as die hoofkarakter in sy verhaal oor liefdesbetoning?

7. Hoekom - dink julle - het Jesus hierdie gelykenis oor naasteliefde vertel?

8. Wat keer jou om 'n vreemdeling te help en hom/haar só in 'n vriend te verander?

**Mens tot medemens**

1. 'n Wyse persoon het gesê: "Behandel jou vyand vandag asof hy môre jou goeie vriend kan wees". Gesels met mekaar oor hierdie stelling en hoe ons dit uitdaag om oor vreemdelinge (selfs vyande) te dink.
2. Besluit om hierdie week met net een "vyand" te begin. Maak kontak met iemand wat vreemd of anders is. Jy hoef sekerlik nie ver te soek nie. Dié persoon is dikwels by wyse van spreke op jou voorstoep. Klim nou uit jou gemaksone en leer ken hierdie persoon.

**Mens tot God**

Vra die Here om julle te help om oor grense te gaan en werklik 'n naaste vir ander te wees.

**Afsluiting**

Bely weer saam ons reeks se geloofsbelydenis:

*Omdat ons in Jesus glo... is ons anders... kyk ons anders... en leef ons anders*

**Die week**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week:

- Maandag 18 November - Maar God... - Gen 37:17-28 & 45:3-8
- Dinsdag 19 November - 70 X 7 = ?? - Matt 18:15-33
- Woensdag 20 November - Liefde vir die vyand - Matt 5:43-48
- Donderdag 21 November - Liefde is prakties - Matt 25:31-40
- Vrydag 22 November - Die goue reël - Matt 7:12
- Saterdag 23 November - Oorwin die kwaad deur die goeie - Rom 12:17-21